## *BOOK REVIEWS/BOEKBESPREKINGS*

**Boekbespreking van Etienne van Heerden, *Postmodernisme en prosa: Vertelstrategieë in vyf verhale van Abraham H. de Vries.***

Human & Rousseau, Kaapstad, Tweede druk 1997. ISBN 0 7981 3587 1

**Johan Tempelhoff**

*(Departement van Geskiedenis, Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Vaaldriehoekkampus)*

Aan die einde van die tagtigerjare het die sekerheidsindroom waarmee menige Suid-Afrikaner kwistig omgegaan het, 'n skielike dood gesterf. Feitlik oornag het illusies omtrent die definieerbaarheid van die "werklikheid", en die werkbaarheid van analitiese modelle, in die niet verdwyn. Die besef dat konvensionele perspektiewe op die werklikheid irrelevant geword het, was na alle waarskynlikheid een van die belangrikste dryfvere waarom die postmodernisme as akademiese ideologie so snel in veral die Afrikaanse akademiese taal- en kultuurmilieu inslag gevind het. Vanuit 'n makro-perspektief is die tendens verstaanbaar. Afrikaners is feitlik oornag uitgelewer aan die daaglikse behoefte om hulself en die samelewing waarin hulle hulself bevind, opnuut te definieer. Veral die werklikheidsbesef wat betrekking het op die wete dat 'n intrinsieke magsverskuiwing plaasgevind het, het 'n vrugbare teelaarde geskep vir indrukke omtrent nuwe teoretiese insigte rondom mag, empatie en ruimer intellektuele horisonne.

Etienne van Heerden se *Postmodernisme en prosa: Vertelstrategieë in vyf verhale van Abraham H. de Vries*, is in meer as een opsig 'n getuigskrif van die nuwe denkprosesse waaraan die Afrikaanse leser, skrywer, en die gewone "ou", uitgelewer is. Dit is asof Van Heerden vanuit 'n selfverkennende posisie 'n mededeling maak van dit wat hy self gelees het.

Hy is egter, op die keper beskou, veels te ervare en verdiep in die denkwêreld van die skrywer om naïwe "vanselfsprekende" aannames omtrent die tendense van ons tyd te waag. Veel meer is hy bloot daarop uit om die leser bekend te stel aan 'n denkwyse wat in die huidige veranderingsproses van die Suid-Afrikaanse samelewing aan die orde van die dag is. Hierdie werk van hom moet dus as 'n nuttige rigtingwyser gesien word. Hy is die skrywer van 'n soort resepteboek. Die doelwit is egter nie noodwendig om die leser die resep te gee oor hoe om die kos voor te berei nie, maar veel eerder hoe om die kos te waardeer.

Sy basisdokument is Abraham de Vries se werk *Nag van die clown.* Dit bevat agt kortverhale waarvan die eerste "Siënese dagboek", baie herinner aan 'n styl wat deur die Italiaanse letterkundige, Italo Calvino, reeds in die sestigerjare ontsluit is. Van Heerden interpreteer hierdie teks in samehang met die werk van Koos Prinsloo.

'n Besonder belangrike diskoers in die werk is De Vries se historiese selfbewussyn van 1985 rondom die Trojaanse Perd-episode in Athlone, Wes-Kaap. In wese is die proses van historiese werklikheid en fiksie-inkleding 'n tegniek wat daarop uit is om 'n letterkundige geskakeerdheid aan die verlede te gee wat nouliks by wyse van blote konvensionele narratief oorgedra kan word.

Die belangrikheid van Van Heerden se werk vir die historikus lê egter op die terrein van sy teoretiese perspektiewe op die postmodernism. Dit is dan ook op hierdie besondere aspek waarop daar in dié resensie gekonsentreer sal word.

Geskiedenis as dissipline het betrekking op die beoordeling van die verlede in die hede en die beperkte kortsigtige indrukke van historici wat ten doel het om binne die kader van tyd-ruimtelike insigte diskoerse neer te lê wat dit moontlik kan maak vir die leser as buitestander om die toekoms te antisipieer. Uit die storm en drang van die Duitse *Aufklärung* van die agtiende eeu het die hermeneutiese werkswyse, soos verfyn deur die filoloog F. E. D. Schleiermacher (1768-1834), 'n rigtinggewende invloed uitgeoefen op die historiese kritiese wetenskaplike benadering in Duitsland. Die hermeneutiese tradisie van die historikus wat hom-/haarself kan verplaas in die tyd het tot aan die einde van die negentiende eeu eweneens 'n groot impak op die Westerse geskiedsbeskouing uitgeoefen.

In die twintigste eeu het die deterministiese wetenskapsbenadering - veral onder die invloed van die moderniteit - daartoe bygedra dat die histories-verindividualiserende benadering, wat nougeset deur die hermeneutiese werksmetode omskryf is, vir ruim 50 jaar in onguns verval.

Sedert die laat sewentigerjare en grootliks as gevolg van druk uit die kringe van Franstalige denkers, soos onder meer Foucault, De Certeau en invloedryke Anglo-Amerikaanse historici - soos onder meer Lawrence Stone - was daar 'n stelselmatige terugkeer na die verhalende geskiedenis.

Historici was nog altyd behoudend. Dit is moontlik as gevolg van die feit dat hulle met die verlede, tradisie en persepsies van kultuurresepsie doenig is. Gevolglik staan hulle selde aan die voorpunt van revisionistiese denktradisies. Terselfdertyd is dit so dat die historikus die produk is van die omstandighede wat aan die orde van die dag is wanneer die prosesse van heuristiek en hermeneutiek in werking gestel word. In menige verkleurde dokument van weleer, wat onder oë geneem word in 'n muwwerige argief, kan die historikus na 'n vergane verlede gaan soek. Bepaalde eise word egter gestel. Die dokument is bloot 'n momentuele fragment van 'n vergangenheid. Vir die interpreet is dit 'n sydelingse indruk van wat op een of ander tydstip gebeur het.

Net soos die skrywer van fiksie verplig word om op die vleuels van die verbeelding - wat iewers tog bindinge met 'n werklikheid het - moet die historikus samehange soek. Dit is egter 'n soektog wat deur die dissipline van 'n soms rigiede werksmetode voorgeskryf word.

Die postmodernisme - miskien moet eerder van die *post-moderniteit* gepraat word - het op een besondere manier 'n groot impak op die dissipline van geskiedenis gehad. Benewens die noukeurige vernietiging van die illusie dat die geskiedenis onvernietigbaar is - het postmodernistiese teoretici op 'n heel onskuldige manier bewys gelewer dat dit in der waarheid onmoontlik is vir die historikus om hom-/haarself in die verlede te verplaas. Kom ons kom weg van die bog, is daar geredeneer. Die historikus is nou maar eenmaal vasgevang binne die hede. Kyk liewer na die verlede vanuit die hede. Erken die subjektiwiteit en vernietig die waansinnige opvatting dat dit moontlik is om op 'n "onverbonde" manier die verlede vanuit die verlede self te beoordeel. In Van Heerden se tekste rondom tekste van ander skrywers, word die ironie van

gekonstrueerde "historiese waarhede" voortdurend tuisgebring.

Hierdie vernietigende ingesteldheid, wat ook by ander skrywers teenoor die geskiedenis as dissipline aanwesig is, het in die praktyk en op die terrein van teorieformulering reeds 'n omvattende impak gehad. Tog, net sodra die indruk begin posvat dat die dissipline van die muse *Kleio* nou eens en vir altyd van kant gemaak is, steek dit elders weer kop uit.

Met behulp van 'n verwysing na La Capra suggereer Van Heerden dat geskiedenis nie uitgedien is nie. Dit word veel eerder net heroorweeg (p. 49). Die ironie is dat geskiedenis, in veral die Afrikaanse kultuurmilieu, soos ons dit tot sowat 'n dekade gelede geken het, aan 'n volkome gedaanteverwisseling onderhewig was. Daar was nie noodwendig 'n dekonstruksie nie - daardie diskoers is op die politieke vlak by wyse van opeenvolgende intellektuele denkrevolusies deurgevoer. Die geskiedenis het as agterna-opnemer gekom en kennis geneem van die feit dat die kultuurgenetika van 'n vergange werklikheid aan omvangryke skommelinge blootgestel was. Die metahistoriese werklikheid het ineen gestort. In die plek daarvan het 'n verskuiwing van die groep na die individu plaasgevind.

Fernandez-Armesto, 'n globalistiese historikus wat homself nouliks daarop roem dat hy 'n omvangryke insig het, kan dit wel waag om oor die merkwaardigheid van die waarheid as volg op te merk:

> The nature of truth eludes us: we have no satisfactory definition at our disposal, agreed or reliable truth-recognition technique; but we have some working assumptions about the reliability of our feelings, our senses, our powers of reason or the authority of our sources of counsel or inspiration.

Die onsekerheid waarmee die historikus dus moet standpunt inneem, is opvallend. As daar nie 'n verwysing is nie, kan twyfel ontstaan. Op die ou einde gaan dit oor die intuïsie wat opsigself aan verval en rekonstruksie uitgelewer is. Dus, die geskiedenis het ditself vernietig in die ná-modernistiese era.

Van Heerden gee onregstreeks bevestiging van hierdie proses wat besig is om af te speel. Deur bloot kennis te neem van die tydsverwysings in die teks van *Postmodernisme* is dit duidelik dat geskiedenis verabstraheer is. Byvoorbeeld, oor die ontwikkeling van die postmodernisme, word bloot in die historiese hede geskryf. Vir enige historikus is hierdie ingesteldheid buitengewoon - al het die beskrywings van die outeur binne die teoretiese konteks plaasgevind.

Maar dan, wanneer die leser met 'n geskiedenisagtergrond na die teks van Ven Heerden kyk, is dit verbasend op welke wyse daar waardevolle inligting verkry kan word. Aan die voorpunt van die soeke in die werk is Van Heerden die letterkundige wat kyk na *vertelstrategieë*. Met ander woorde daar word gekyk na hoe die skrywer van fiksie strategieë uitwerk om 'n verhaal op 'n leesbare manier aan die leser oor te dra. Vir die historikus is daar heelwat te leer. In die proses van die omseiling van die "waarheid" het die Amerikaner, Joyce Appleby, history daarop gewys dat ons tans verkeer in 'n tydsfase waarin ideologie en magsvergryp deursigtig geword het. Historici het vir hulself, in die era van die postmodenisme 'n heenkome by narratief gaan soek. In die aangesig van 'n weerloosheidsgevoel oor die inhoud en sogenaamde waarheidsaannames in die verlede, is daar dus veel eerder 'n behoefte en kennis oor

die wyse waarop die verlede - binne 'n kultuurmilieu - oorgedra kan word.

Vir die historikus het Van Heerden se werk dus heelwat te vertel. Die historiese verhaal is veel meer as die versameling van en beriggewing oor 'n aantal dokumente wat in 'n chronologiese of tematologiese eenheid saamgesnoer kan word. Dikwels gebeur dit dat geskiedenis juis selde leesbaar is. Dit laat mens verstaan hoekom 'n skrywer soos byvoorbeeld Karel Schoeman veel eerder 'n leserspubliek trek, as die stowwerige historici wat volgens die nougesette beginsels van die dissipline by die essensie van die "waarheid" probeer uitkom.

Enkele aspekte van Van Heerden se werk gee rede tot kommer. In *Postmodenisme* is daar nie 'n hanteerbare uiteensetting van wat "postmodernisme" nou eintlik behels nie. Miskien is dit 'n strategie om die leser tot 'n denkproses aan te spoor. Die definisie van Hambidge wat hy aanstip, (p. 41.) is onbevredigend - nie omdat dit onwaar is nie, maar veel eerder omdat dit nog lank nie by 'n verklaring vir die "postmodernisme" uitkom nie.

Miskien sal dit die moeite loon om na die resepsieproses van "postmodernisme" as 'n begrip in gebruik in die Afrikaanse taal te kyk. Interessant is die feit dat "postmodern" as begrip slegs agt keer tussen 1990 en 1997 in die oggendblad *Beeld* gebruik is. In die susterskoerant, *Die Burger,* is "postmodern" vier keer tussen 1986 en 1997 gebruik. Daar is wel heelwat meer omvangryke verwysings na "post-modern".

Die eerste benutting van "postmodern" in *Die Burger* handel oor die terugkeer van abstraksie in die beeldende kuns, waarin Deon Viljoen in 1986 sy lesers daarop bedag maak, dat hulle versigtig moet wees vir 'n benepenheid met abstraksie. Daar is nog lank nie by die postmoderne uitgekom nie.

Die indruk ontstaan stelselmatig dat 'n verskynsel wat in die era van die nadraai van moderniteit na vore gekom het, nou summier 'n ideologiese kleur het. Die ideologiese binding wat in die Afrikaanse pers bewerkstellig is, het dan ook redelike opvallende manifestasies. Tussen 1990 en Mei 1998 het die begrip "postmodernisme" tagtig keer in *Beeld* verskyn.

In *Die Burger* het die begrip tussen 1986 en Mei 1998 in totaal 91 keer verskyn. Wanneer daar chronologies op die term ingegaan word, wil dit voorkom asof daar vanaf 1996 meer omvangryk van die begryp in beide *Die Burger* en in *Beeld* gebruik gemaak word. Voorts het dit ook duidelik meer die karakter van 'n begrip in die letterkunde verkry. kan dit wees dat ons hier te make het met 'n ideologiese mode tendens in die Afrikaanse letterkunde? Of is daar sprake na die verkenning van nuwe diskoerse wat tans universeel in die menselike gees aanwesig is.

Hoekom is dit dat 'n begrip soos "kapitalisme" op die moderne oor of vir die moderne oog makliker aanstaan as "kommunisme"? Is hierdie resensent besig om vas te kyk teen die obstruksies onderliggend aan "post-modernisme" en "post-moderniteit"? Of het ons te make met 'n foefie? Ongelukkig stel Van Heerden ons nie aan hierdie verkenning bloot nie.

Dit is teen die agtergrond van hierdie gegewe situasie dat die leser kennis behoort te neem van die ondermyning van die denke deur 'n tendens wat ten doel het om verstarde indrukke omtrent die letterkunde af te takel. Dit lyk in Van Heerden se teks

na 'n wonderlike ervaring. Veral wanneer hy van die historistiese denkwyse gebruik maak om "die verlede as onthouboek" (pp. 93-95) of die "historiografie" (pp. 251-252) te ontsyfer.

L. S. Venter, in 'n resensie oor Van Heerden se werk, het daarop klem gelê dat dit 'n werk is wat gelees en herlees moet word. Miskien is daar meer aan die werk as bloot die herlees. In die geval van hierdie skrywer het die lees van *Postmodernisme* 'n bepaalde versugting laat posvat. Vir die eerste keer in baie jare het ek na 'n boekwinkel gegaan en drie letterkunde werke in die Afrikaanse taal gaan koop: twee jeugverhale vir my kinders en 'n digbundel vir my vrou. Dit was 'n verstommende ervaring om met die leesproses onder die indruk te kom van die soepelheid en merkwaardige skoonheid van die Afrikaanse taal. Die manier waarop die taal die denke van mense - skrywers en lesers - kan saamsnoer in nuwe ervarings van 'n *Jenseits* van die hede en die verlede, is opvallend. Belangriker nog is die feit dat die historikus verplig was om onder die indruk te kom van die intrinsieke waarheidsmomente wat in die Afrikaanse digkuns oor die Suid-Afrikaanse samelewing tot en met die onlangse verlede uitgestippel is.

In die proses van 'n bestekopname na 'n gevolgtrekking oor *Postmodernisme en prosa...* is dit noodsaaklik om te besef dat daar 'n koersverandering besig is om in die Afrikaanse letterkunde plaas te vind. Vir die historikus is die tendens redelik verstaanbaar. Ofskoon die historisme in die "postmodernisme" opsygeskuif word, is dit so dat die hermeneutiese verstaansproses herontdek is. Dit is wonderlik om kennis te neem van die bereidwilligheid om nuwe weë te verken en 'n koers in te slaan wat sal dui op 'n heraanvaarding vir die verindividualisering van die menslike gees.